**Hoërskool Wolmaransstad**

**SW-Geografie**

Eksamen: November 2019

Eksaminator: H Whitehorn

Moderator: A.W Whitehorn

Totaal: 60

Tyd: 1½ uur

## VRAAG 1 : Nedersettings en Grondgebruik


1.1 Pas die beskrywing in Kolom A by die gepaste / korrekte term in Kolom B
Skryf slegs die korrekte letter langs die korrekte vraagnommer:

1.

| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| 1.1.1 Dit is 'n plek – stuk grond –waar 'n gemeenskap gevestig is. | A Stedelike nedersetting |
| 1.1.2 Mense bly 'n kort rukkie op 'n plek voordat hulle na 'n ander plek trek opsoek na weiding of vis. | B Versedeliking |
| 1.1.3 Hier vind een funksie plaas soos byvoorbeeld boerdery | C Tydelike nedersetting |
| 1.1.4 Die fisiese groei van stedelike gebiede. | D Nedersetting |
| 1.1.5 Hierdie nedersetting word gebou vir mense wat op permantente huise wag. | E Landelike nedersetting |
| 1.1.6 Mense verlaat landelike gebiede en vestig hul in stede. | F Nomadiese nedersetting |
| 1.1.7 Hier is sekondêre en tersiêre aktiwiteite wat plaasvind. | G Landelike – stedelike migrasie |

(7)

1.2 Bestudeer die bron : hoofgrondgebruik sones van stedelike nedersettings en beantwoord die vrae :




1.2.1 Benoem die grondgebruik by A. (1)

1.2.2 Gee twee kenmerke van grondgebruik A. (2)

1.2.3 Benoem twee soorte nywerhede in die Industrieële gebied. (2)


1.2.4 Waar word swaar nywerhede in die stad aangetref. (1)

1.2.5 Gee twee redes vir jou antwoord in 1.2.4. (2)

Bestudeer die bron hoë inkomste en lae inkomste woongebiede en beantwoord die vrae.





Houghton (a) is 'n hoë-inkomste-woongebied in Johannesburg.




Guguletu (a) in Kaapstad. lae-inkomste-woongebiede.

1.2.6 Tref 'n vergelyking in kolom vorm tussen 'n hoë inkomste en lae inkomste woongebied deur te verwys na die behuising ; infrastruktuur en dienslewering; en ligging. (6)

1.3 Bestudeer die bron Patroon en Vorm van landelike nedersetting en beantwoord die vrae.




1.3.1 Noem die patroon van die nedersetting by A en by D. (2)

1.3.2 Gee die vorm van die nedersetting by B en by C. (2)

1.4 Stoot en Trekkragte is verantwoordelik vir die migrasie van mense vanaf landelike gebiede na stedelike sentrum.
Sê of die volgende faktore Stoot of Trek faktore is deur slegs Stoot / Trek faktor langs die korrekte nommer neer te skryf.

1.4.1 Tekort aan werk.
1.4.2 Omgewingsfaktore soos droogte.
1.4.3 Beter salarisse.
1.4.4 Swak dienslewering.
1.4.5 Beter gehalte onderwys.

[30]

**Vraag 2** **Kwaartwerk**

Bestudeer die volgende uittreksel van die topografiese kaart Queenstown 3126 DD en die ortofotokaart en beantwoord die vrae . (Bylaag agter)

2.1 Kies die korrekte antwoord op die volgende vrae en skryf slegs die letter op jou antwoordblad.

2.1.1 Die ruitverwysing van pylpunt N is :

A B6
B C1
C C6
D B7 (1)

2.1.2 Die rigting van T(B3) vanaf Q(C1) is :

A Noordwes
B Suidoos
C Noordoos
D Suidwes (1)

2.1.3 Die 26 in die kaartnommer 3126 DD verteenwoordig ..........

A die lengtegraad
B die tydsone
C die breedtegraad
D die graadblok (1)

2.1.4 Die ortofotokaart is 'n voorbeeld van 'n ......

A Horisontale foto

B Vertikale lugfoto

C Skuinslugfoto

D Satellietbeeld (1)

2.1.5 Gee die koördinate van pylpunt N.

A 26° 53'S en 31° 52'O

B 31° 51'S en 26° 51'O

C 31° 52'S en 26° 53'O

D 31° 53'S en 26° 52'O (1)

2.1.6 Die gebou by A op die foto is 'n ....................

A Winkelsentrum

B Woonstelle

C Hospitaal

D Fabrieke (1)

2.1.7 Die nommer van die SSG op die foto is .....

A 1

B 9

C 11

D 16 (1)

2.2 Bereken die afstand van lyn N op die topografiese kaart in KM. (3)



**Vraag 3** **Vervoer en handel**

3.1 Kies uit die onderstaande die term wat die beste by die beskrywing pas.

Skryf slegs die term op jou antwoordblad teenoor die korrekte nommer.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Lugvervoer | Seevervoer | Sanral | | |
| Handel | Transnet | Spoornet | Etol | Uitvoer |
| Invoer | Padvervoer | | | |

3.1.1 Die uitruil van goedere en dienste vir geld.

3.1.2 Goedere wat ons land se grense verlaat.


3.1.3 Die padagentskap wat verantwoordelik is vir die nasionale pad netwerk.

3.1.4 Die vervoer is vinnig maar baie duur.

3.1.5 Die belangrikste vragvervoermaatskappy in Suid-Afrika.

3.1.6 Die Vervoer is goedkoop maar tydrowend. (6)

3.2 Bestudeer die kaart van Suid-Afrika (Vervoernetwerk) en beantwoord die vrae.



3.2.1 Benoem die Nasionale roetes by A en B. (2)

3.2.2 Benoem die lughawens by C en D. (2)


3.2.3 Benoem die hawens by E, F, G. (3)


3.2.4 Durban hawe hanteer die grootste vrag vir uit en invoere in ons land.


Waar of vals. (1)


3.2.5 Noem twee nadele van padvervoer in Suid-Afrika. (2)

3.3 Bestudeer die bron van gespesialiseerde skepe en beantwoord die vrae.




3.3.1 Gee die naam van die gespesialiseerde skepe by A en C. (2)


3.3.2 Watter tipe vrag word Vervoer met B en D. Gee een voorbeeld by elk. (2)

[ /20 ]

Groot Totaal [ /60 ]

# 3126DD QUEENSTOWN (EXTRACT)

1:50 000 SOUTH AFRICA SUID-AFRIKA






Published by the Chief Directorate: Surveys and Mapping, Private Bag X10, Mowbray.
Gepubliseer deur die Hoof Direktoraat: Opmetings en Kartering, Privaatsak X10, Mowbray

Photography 498/414
Fotografie 498/414

© State Copyright 2005 Staatsoutereg

Whilst every effort is made to ensure the accuracy of this map, users noting errors and omissions are requested to notify the Chief Directorate: Surveys and Mapping.

Alle pogings moontlik word aangewend om die akkuraatheid van hierdie kaart te verseker. Gebruikers word versoek om die Hoofdirektoraat: Opmetings en Kartering, te verwittig van enige foute of weglatings.

Gauss Conform Projection Central Meridian 27° East

Contour Interval 10 Meters

Grid Interval 1 000 Meters

Hartebeesthoek 94 Datum

WGS84 Ellipsoid

1:10 000

WGS84

Gauss Konforme Projeksie Middelmeridiaan 27° Oos

Kontoerintervalle 10 Meter

Ruitintervalle 1 000 Meter

Hartebeesthoek 94 Datum

WGS84 Ellipsoïed

# 3126 DD 13

SECOND EDITION
TWEEDE UITGAWE
2003

INDEX TO SHEETS INDEKS VAN VELLE

| | | |
|---|---|---|
| 3126DD7 | 3126DD8 | 3126DD9 |
| 3126DD12 | 3126DD13 | 3126DD14 |
| 3126DD17 | 3126DD18 | 3126DD19 |